# Lesing 07.09.2018 - Lesing 5 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

Van ons broer Cor:

[09/02, 7:19 AM] More broer Dirk, ek moet die volgende met jou deel. Terwyl ek vanoggend JaHshua se broodjie eet gestuur deur Christene, kry ek 'n openbaring ja soos 'n lig wat skielik in my binneste aan kom. Ek haal aan: 'die wonderlikste van alles is dat ek nie net een wiel voel nie maar 4 gelyk,' ek sien toe die vier lewende wesens skielik voor met die wa wiele aan hul sye en dit is asof JaHshua my wys die 4 wiele wat Christene gesien het aan die wa die 4 lewende wesens is wat die krag en aandrywing van die wa is. Ek vra Vader wys my wie die gesig gesien het soos aan my getoon. Vader vat my na Esegiël 1;10 en 11 toe. Esegiël 1:4&5 openbaar dat die Moeder ons beslis hierin lei verse 15&16 wys die wiele en lewende wesens (Gerubs) soos ek dit in my geestesoog gesien het ( dit is dan ook die krag en aandrywing van die wa, ja jy vind ook die Gees in die wiele, Sy is teen woordig in Haar volheid) Lees Esegiël hoofstukke 1 tot 3, hoofstukke 10 & 11 ook. Dirk hier is soveel verborgenheid hier versteek, dis net ongelooflik alles vir die tyd van nou en alles kom op ons Gilgal Klipwiel gelofte neer en verwys daarna. jy weer vir ons 'n lesing hieroor aanbied in kombinasie met die pragtige woord van 31/8/18

[09/02, 7:19 AM] Van Hendrik: Goeienaand almal.

Na aanleiding van Cor en Christine se pragtige boodskappe vandag. Ek is so twee, drie weke gelede gelei om Esegiël 1 en 10 te lees en loop die laaste ruk met dit in my binneste. Wat ek toe daaruit gekry het was dat die vier wesens 'n verduideliking is van die Wese van die Gees van Liefde. Die leeu as die **Krag** en Geregtigheid van die liefde. Die kalf as die **nederige diensbaarheid** van die werking daarvan. Die osse het gemaal, hulle het die ploeë getrek om die grond voor te berei en is voor die waens ingespan. Die kalfspote dui dat nederigheid die weg van liefde is. Die **arend** as die verhewe begrip van die Hemelse Liefde. En die adamiet die siel van die Gees van Wysheid wat met die Liefde moet verenig. Dalk kan iemand hier reghelp as ek nie mooi verstaan nie.

Die wiele is weer 'n verduideliking van die Wese van die Gees van Wysheid, of die Lig met die sewe Geeste.

*Aanhaling uit 'n boodskap, nr 18, aan Wendy:*

*"Orde is die sentrale been van die 7 Geeste, maak werk daarvan terwyl julle nog tyd het om al 7 Geeste in balans te kry en werk ook daaraan om hulle in balans te hou. My teenpool sal alles poog om julle van balans af te gooi. Laat die 7 begin draai, spin met Orde as die sentrale punt en soos 'n giroskoop sal die beweging daarvan keer dat balans verloor word. Allereers moet die 7 in balans wees. Liefde. - Wysheid. - Erns. - Orde. - Wil. - Geduld. - Barmhartigheid. Aan die buitekant Liefde en Barmhartigheid, dan Wysheid en Geduld en binne naas Orde Erns en Wil. Kan julle die patroon sien? Sien julle ook dat die kleur Wit word? My skryfkneg is huiwerig om dit te skryf want dit klink radikaal. Alles behoort aan My, hoe weet julle dat dit nie altyd so moes gewees het nie? In My Skepping is daar Altyd Beweging! Niks is staties nie."*

Die wiel binne-in die wiel is dalk die innerlike en uiterlike, of ons gedagtes wat tot uiting kom in werke.

"Die Gees van die Wese was in hulle" 'n vereniging van Liefde met Wysheid om die Krag voort te bring. Cor is reg, hier is so baie in versteek soos die oë wat die poorte van die lig is, die gérubs, vlerke ens en ons sal graag wil verstaan.